

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

10 November 2019 **Nr. 734**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat ds Gert met u kan kennis maak !

Predikant:	Ds Gert Erasmus		Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo		Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman		Sel: 082 312 7523
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 NAGMAAL **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing:	Johannes 8: 1 – 11
Teks:	Johannes 8: 11, 12
Tema:	Christus openbaar aan ons deur hierdie teken, wie God werklik is!
Sang:	Ps148: 1 Ps 130: 1 Ps 146: 3, 6 Ps 134: 4 Ps 23:3 Ps 116 Ps 145: 10, 12
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Emeritaatsversorging

Aand 19:00 **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing:	Handelinge 4: 1 - 12
Belydenis:	HK Sondag 11
Tema:	Die belydenis oor Jesus, ons volkome en enigste Verlosser.
Sang:	Ps 48: 1, 2 SB 2-4:1, 2 (33) Sb 8-1: 1, 2 (14)
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid GKSA Jeugsorg

SAMESANG AAND 18:45: Ps 46: 5,6 Ps 47: 1, 2, 3, 4 Sb 19-3: 1,2, 3, 4 (25)

Kollekte volgende Sondag:	**Nabetragting Oggend**	**Aand**
17 November	Trans-Oranje Inst.	Bybelverspreiding

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by Ryno van Emmenis, 079 562 9560. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.
Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

Afsprake met ds Gert Erasmus

Dit is uiteraard so dat ds Gert, vanweë werksdruk nog nie by elke lidmaat persoonlik kon uitkom nie. Lidmate wat graag persoonlike afsprake met hom wil reël is egter altyd welkom. Kontak hom gerus persoonlik of via Magda by die kantoor. Neem asb die vrymoedigheid!!

VIR MEELEWING

Verwelkoming
- Aan alle besoekers saam met ons!

Meelewing
- Sr Lettie van Wyk het 'n gedeeltelike heupvervanging ondergaan.
- Sr Mariana Dreyer (082 822 5655) wat Woensdag vir 'n oogoperasie gaan.
- Br George Erasmus (082 852 4476) sterk tuis aan.
- Br Michiel Heystek (071 269 1670) is terug by Bougainvilla aftree-oord.

Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345); sr Elsa van Wijk (082 460 8262); sr Lettie van Wyk tans in Huis Madelief en sr Emma Enslin (072 621 9605).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan.
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en rehabilitasie.

Geluk aan
- Br Hercules (082 781 5733) en sr Ansie (082 449 1158) Botha met die geboorte van hul agterkleindogter, Milia.

ONS DANK DIE HERE SAAM MET
- Sr Noenie de Wet (073 190 6636) wat vandag 79 is.

Verjaarsdae
- Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

November	Sondag	10	Noenie de Wet	073 190 6636
		10	Mariana Dreyer	082 822 5655
		10	Theresa du Preez	079 910 2776
		10	Hermine Goede	073 151 7844
	Maandag	11	Santiago Barbosa	083 381 3523
	Dinsdag	12	Maryke Lee	082 305 6536
	Woensdag	13	Danieke de Kock	082 440 4636
		13	Esmaré Human	082 434 3672
		13	Koos Janse van Vuuren	076 600 7496
		13	Rea Potgieter	082 375 8692
	Donderdag	14	Wim Kurpershoek	066 261 9816
	Vrydag	15	Kobus de Wet	084 769 3121
	Saterdag	16	Dirk Kruger	079 519 3747

VAN DIE KERKRAAD

Bankbesonderhede vir GK Pretoria-Magalieskruin			
Rekeninghouer:	GK Pretoria-Magalieskruin	Bank:	Absa Bank
Rekeningnommer:	5260 157 053	Takkode:	336945
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr	E-pos adres:	admin@gkmagalieskruin.co.za
Bankbesonderhede vir Sustersbydrae			
Rekeninghouer:	Susters GKPM	Bank:	Standard Bank
Rekeningnommer:	034 633 758	Takkode:	051-001
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr	E-pos adres:	magaliessusters@gmail.com
Bankbesonderhede vir Diakonie			
Rekeninghouer:	Diakonie GKPM	Bank:	Absa Bank
Rekeningnommer:	1420280579	Takkode:	632005
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr	E-pos adres:	corra.erasmus@vodacom.co.za

JAARPROGRAM 2020

Ons gemeente se jaarprogram (oranje) is by die deure beskikbaar – **1 program per gesin asb.**

KANTOOR URE

Neem asb kennis dat die kerkkantoor volgende week Dinsdag 19, Woensdag 20 en Vrydag 22 November vanaf 08:00 tot 13:00 oop sal wees. **Dit sal nie Donderdag 21 November oop wees nie**.

VERSOEK VAN DIE KERKRAAD

Die Kerkraad het met besorgheid kennis geneem van die tendens van lidmate om die leraar direk te kontak ingeval van siekte, hospitalisasie en ander behoeftes.
Ds Gert Erasmus is uiteraard altyd bereid en beskikbaar om elke lidmaat in tye van nood by te staan, dikwels ten koste van homself. Die Kerkraad is bekommerd oor sy werkslading en doen 'n beroep op lidmate om die plek van die ouderlinge in die gemeente te erken en te respekteer. Dit kan prakties gedoen word deur eers met u wyksouderling te skakel wanneer u bystand van welke aard ookal verlang.
As voorbeeld:
Jakobus 5:14 - Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.
Ouderlinge is opsieners en herders. As herders is hulle verantwoordelik vir die geestelike versorging en bewaring van die kudde van die Here. Dit beteken dat hulle die gemeente moet voed met die feite en die wysheid en die vermanings en die waarskuwings en die vertroostings en die aanmoedigings van die Here se Woord.
Waar daar besondere nood (siekte, twyfel, allerhande beproewings) is, sal die ouderling met die Woord troos en versterk en perspektief gee, en voorbidding doen.
Die ouderling kan lidmate toerus om in hulle huwelike en in die huisgesinne en in hulle sosiale- en beroepslewe en in die gemeenskap as kinders van die Here te lewe (= die amp van die gelowige aktiveer en stimuleer).
Die Kerkraad gee die versekering dat die ouderling ernstige gevalle onder die aandag van die leraar sal bring vir verdere hantering. Sodoende sal ouderlinge in voeling bly met gebeure in lidmate onder hulle toesig, wat bydra tot die opbou van n vertrouensverhouding tussen ouderling en lidmaat.

PLAVEISEL PROJEK: OOSTEKANT VAN DIE SAAL

Die Kerkraad wil sy dank uitspreek teenoor al die lidmate wat reeds bygedra het tot die projek.
'n Kontrakteur is gesamentlik aangewys deur beide gemeentes en die projek gaan Maandag 11 November 2019 begin. Dit behoort DV teen middel Desember 2019 afgehandel te wees.

Daar is 'n tekort en die Kerkraad het ingewillig om dit aan te vul vanuit 'n fonds wat vir hierdie doel geskep is. Lidmate wat begerig is om **verdere bydraes** hiervoor te bewillig word steeds uitgenooi om hiertoe by te dra en kan bydraes inbetaal in die kerk se bankrekening met die verwysing: Plaveisel projek.

FONDSINSAMELING WERKSGROEP

Ten einde nie dankoffer bydraes aan te wend vir die instandhouding en ontwikkeling van ons kerkgebou en terrein nie, doen die Kerkraad 'n beroep op lidmate om behulpsaam te wees met insameling van fondse wat hiervoor benodig word.

Broers en Susters wat onderlê is in die reël van funksies, fondsinsameling of wat 'n sterk bemarkingsaanslag het word versoek om met br Sakkie Croukamp (083 376 0542) kontak te maak. Selfs voorstelle van temas/idees sal waardeer word.

BRONSMUNTE

Die projek van die Diakonie om bronsmunte in te samel, gaan nog steeds voort. Tot dusver het ons reeds R2,980.79 ingesamel! Ons sal dit waardeer indien die lidmate sal voortgaan om ons te ondersteun. Die houer vir die munte is in die portaal by die hoofingang.

TER APPROBASIE

Ter approbasie (ter goedkeuring) word voorgehou as diaken: br Rienes Nieman, br Jan (JAJ) Venter.
Ter approbasie (ter goedkeuring) word voorgehou as ouderling: br Arthur Hall.

VERANDERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of e-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee. Daar is ook nou, vir u gerief, 'n rakkie in die portaal vir hierdie doel geplaas, asook vir enige inligting wat u sou versoek om in die nuusbrief of onder die kantoor en/of ds Gert se aandag te kom. Hierdie rakkie sal op 'n Dinsdag tydens die kantoor adminvergadering deurgegaan word en die nodige aandag geniet.

DANKIE AAN DIE VOLGENDE PERSONE:

Huib Verhoef vir die uitsonderlike manier waarop hy orrel speel en die gemeente begelei.
Hannes Spies met die koördinering van die klankregister en die elektroniese bord.
Hertzog Schutte, Tommie en Michelle Dreyer, Innes en Helena Potgieter, Ryno van Emmenis, Martie, Carike en Hermine Goede wat sorg dat die elektroniese bord Sondae reg is.
Ryno van Emmenis wat help met die klank by begrafnisse en maak van die CDs vir lidmate.
Magda Schoeman vir die werk in die kantoor gedoen deur die jaar.
Johan Schoeman vir die ontwerp van die Jaarprogram se voorblad.
Almal wat gehelp het met die uitleg en insette vir die jaarprogram sommige asook algemene kantoorfunksies.
Ossie Oschman met die weeklikse tel en bank van die kollektes en dankoffers.
Neels Taljaard vir die getroue hulp met proeflees en insette tot die nuusbrief.
Elsie en Dirk, die Sondag-oopsluiters vir die werk wat hulle doen.
David en Paulus, die sekuriteitswagte, wat elke Sondag tydens beide gemeentes se dienste omsien na ons veiligheid.
Stefaans, Steven en Johanna wat sorg dat alles in en om die kerkgebou reg en skoon is.
Sonder hierdie ***groot*** werk wat julle almal doen, sal die administrasie moeilik funksioneer. Dit word raakgesien en baie waardeer!

ALLE KOMMISSIES EN LIDMATE

Alle berigte wat in die nuusbrief verskyn **MOET** op die laatste Donderdag **om 12:00** reeds in "MS Word" formaat **na die kantoor gestuur word**. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas kan word nie, maar moontlik wel in die voorportaal. Indien daar dringende inligting afgekondig moet word oor gebeure wat na die afsnytyd plaasgevind het, moet dit asb gestuur word na ds Gert se e-pos: *dsmagalieskruin@gmail.com*

KATKISASIE AFSLUITING

Die gemeente se katkisasie-afsluiting vind plaas op Sondagoggend 17 November vanaf 11 tot 12 uur.
Kontak Helena 079 579 8525 en bevestig teenwoordigheid, sodat 'n verrassing gereël kan word!

GEMEENTE AKTIWITEITE

NAGMAALETE VANDAG

Vanaf 12:00 vir 12:30. **BRING en BRAAI onder die BOME.**
Onthou om jou mandjie te bring met breekgoed en eetgerei vir jou gesin. Bring julle eie vleis, drinkgoed, 'n bykos en ietsie vir nagereg wat ons met mekaar deel.

Nuwe Lidmaat

Welkom aan die volgende lidmate wat onlangs by ons aangesluit het!!

Wyk E5	br Nico Noordzij	Blinkblaarlaan 98, Wonderboom	082 727 5429

Bybelstudiegroepe
Groep 3 (Stephanus van der Walt: – 012 567 2709 / 082 338 3216) – Dinsdag 12 November om 15:00 in die konsistorie. Tema: 1 Timotheus 3 - 5. (Studie 2 vrae 4 en 5 en Studie 3 volgens *Voëlvlug deur die Bybelboeke van* prof GJC Jordaan.) 'n Volgstuk kan na die erediens by Stephanus of Fransie verkry word, indien u nog nie een ontvang het nie. Skakel nou in en verryk ons met jou gawes (1 Pet 4:10). Byeenkomste vind elke tweede Dinsdagmiddag vir 'n uur plaas. Bring gerus kennisse saam.

UITKOMS
Ons laaste byeenkoms by Uitkoms vind plaas Donderdag 21 November. Ons sluit af met sing van kersliedere!! Almal wat wil kan kom saamkuier. Kontak vir Magriet vir enige navrae 0827703884/0125482832

Gereformeerde vriendekring
Ons afsluitingsete: DV 27 November 2019. R130 pp. Dit sluit voorgereg, hoofgereg en nagereg in.
In die kerksaal. Bespreek jou plek deur jou naam deur te gee aan Mariki by 072 980 9287.

Eljadahuis
Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en langlewemelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddele.

Dagboekdatums

Dinsdag	12 November	Bybelstudie (Stephanus – konsistorie)	15:00
Woensdag	13 November	Bybelstudie Naskoolse Jeug	19:30
Vrydag	15 November	Jeugaksie	18:00

KERSPROGRAM
Almal word uitgenooi na die jaarlikse Kersprogram op Sondag 17 November om **18:30** na die erediens. Die Moot Cantata Koor en 'n Instrumentale Ensemble tree op tydens die program. Kom kuier saam na die tyd in die saal met n koppie koffie of tee en 'n heerlike happie wat die Susters sal voorsit. Almal is baie welkom.

SUSTERS

Teeskinkbeurte
10 en 17 November: Geen tee/koffie agv ons en Montanapoort se Nagmaal.

Op die vooraand van ons susters se laaste bedrywighede, 'n baie groot dankie aan:
- ♥ Die bestuur van die susters en aan elke wyksuster
- ♥ Elke suster wat tee geskink het Sondae, by begrafnisse of ander gemeente-aktiwiteite
- ♥ Elke suster wat by watter geleentheid ookal, verversings verskaf het
- ♥ Elke suster vir u geldelike bydrae of aankope uit u sak
- ♥ Elke suster wat op welke manier ookal gehelp het met al ons werksaamhede
- ♥ Al die broers vir u hulp deur die jaar

Al u harde werk en tyd spandeer – ten spyte van vol programme – is goud werd. Daarsonder kan die ratte nie draai nie. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader wat só vir ons sorg dat ons nog hierdie geleenthede het en in staat is om dit te kan doen.
Mag u 'n geseënde Kerstyd ingaan!
♥ Erica Arnold

SUSTERS AFSLUITING
16 NOVEMBER 2019
09:00 in die Kerksaal

SUSTERS kom kuier SAAM en/of bou GEMMERKOEKHUISIES
Daar sal lekker souttert en slaai wees vir almal
Bestel en betaal jou pakket wat **alle bestanddele en benodigdhede** sal insluit
voor of op 3 November 2019 by Riekie (082 586 9167) of by jou wyksuster
GEMMERKOEKHUISIE (R100) GEMMERKOEKMAN (R20) GEMMERKOEKBAL (R20)
(Of bring jou eie panele, manne of balle en kom versier en kuier saam, onthou dan om AL jou eie bestanddele en benodighede saam te bring)
Onthou **Skryf jou naam op die lys dat ons vir jou voorsiening kan maak**

DS GERT SE DAGBOEK

Maandag:	Pastorale besoek	17:00 – 18:00
	Kerkraadsvergadering	19:00
Dinsdag:	Kantoor admin vergadering	09:00 – 10:00
	Huisbesoek	19:00 – 20:00
Woensdag:	Voorbereiding	
Donderdag:	Voorbereiding	
Vrydag:	Voorbereiding	
	Huwelikskategese	18:00
Saterdag:	Huweliksbevestiging	16:00

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

BEROEPE AANVAAR
- Ds MH Le Roux (Marco) van GK Newcastle na Reitz/Lindley-kombinasie

BEROEPE BEDANK
- Ds RA Bain (Ronald) van GK Potchefstroom na GK Pretoria

MEDELYE
- Met die afsterwe van Emeritus Predikant Ds Andries Myburg van Gk Pretoria-Anlinn Donderdagoggend.

Verblyf op kampus te Potchefstroom

Verblyf op NWU Potchefstroomkampus vir 'n damestudent.
Koste is R2250 per maand (deel 'n kamer).
Sluit in: Water; elektrisiteit; internet; skoonmaak en parkering.
Kontak: Brahm Robinson, 064 656 1374

Die Silwerkrone - Alle Afgetrede lidmate en Tuisteskeppers

Die Silwerkrone van die susters nooi alle Afgetrede lidmate en Tuisteskeppers uit om te kom eet, kuier en saam te sing en luister na 'n fees van sang met Dawie Rotteveel.
Dit beloof om die hoogtepunt van die jaar te wees!!
DV Dinsdag 26 November 2019 in die Kerksaal
10:00 aankoms en kuierete
BRING SAAM: ***Jou gunsteling bord en nagereg bordjie waaruit jy graag eet.***

Indien u die ete wil bywoon, voltooi asb die **skeurstrokie** en gooi in die kollektesakkie of gee vir Lidia Venter of Magda in die Kerkkantoor voor of op Sondag 24 November.
✂----------

Ete – 26 November 2019
Ek/Ons wil die ete bywoon

Naam en van: _____ Tel: _____

Aantal persone: _____ Koste: R30.00 Per Persoon: _____

Ek/Ons benodig vervoer JA / NEE

SUSTERS AFSLUITING

Susters kom en bring julle kinders en kleinkinders saam!!

Ons gaan Gemmerkoekhuise, Gemmerkoekmanne en Gemmerkoek"balle" versier

WANNEER EN WAAR?

16 November 2019 | 09:00 in die kerksaal

Die "dorp" sal Sondag 17 November uitgestal word voor elkeen sy skepping huis toe kan neem

KOSTE

Gemmerkoekmanne @R20.00

Gemmerkoekballe @R20.00

Gemmerkoekhuise @R100.00

Alle benodigdhede ingesluit

Bestellings en betalings voor 3 November by jou wyksuster of by Riekie Prinsloo - 082 586 9167

SIEN JOU DAAR!

GEMEENTE KAMP 2020 WEESGERUS OORD 4 – 6 SEPTEMBER

Almal word hartlik uitgenooi om deel te wees van die wegbreek. Ons leer mekaar beter ken en kuier en ontspan heerlik saam.

Besprekings is nou oop, loer gerus ook op die webwerf.

Vir enige navrae kontak Sakkie Croukamp

Selfoon nommer: 083 376 0542
Epos: sakkie64@gmail.com